# Geopende Deure GEBEDSKALENDER

Junie / Julie 2021



**"Geen wapen wat gesmee word om jou aan te val, sal iets uitrig nie; elkeen wat vals teen jou getuig, sal gestraf word. Dit is hoe Ek, die Here, vir my dienaars sorg. Ek laat geregtigheid aan hulle geskied, sê die Here."**

**Jesaja 54:17 (1983-vertaling)**

## Junie 2021

### 1 China
Ammar*, 'n Gelowige vanuit 'n Moslem-agtergrond, het 'n ekstra werk om vir sy seun se breingewas-behandeling te betaal. Ammar ly aan gewrigspyn, wat dit moeilik maak. Bid vir genesing vir Ammar se seun en krag vir Ammar terwyl hy werk om sy familie te ondersteun.

### 2 Viëtnam
In die laaste kwartaal van 2020, het ons vennote gerapporteer dat huishoudelike geweld op baie plekke toegeneem het omdat families gedwing word om saam tuis te bly. Bid dat God in hierdie families se lewens sal werk en hulle liefde vir mekaar sal gee.

### 3 Laos
Bid vir gelowiges soos Athit*, wat weens hul geloof in die tronk is en deur hul families gemis word. Mag die Here aanhou om aan hom te bedien, selfs in die tronk.

### 4 Indië
Anil* en sy gemeente ervaar al lank teenstand. Hindoe-ekstremiste het die plaaslike mense teen hulle opgesweep, en die kerk is 'n paar maande gelede in die nag verwoes. Bid dat die Here Anil en sy gemeente sal versterk.

### 5 Mianmar
Bid vir gelowiges wat in gebiede bly wat deur die burgeroorlog beïnvloed word, veral in Rakhine-staat en Kachin-staat. Bid vir herstel, voedselvoorsiening en skuiling, en goeie gesondheid vir oorlogslagoffers.

## 6 Nepal

Kokila*, wat siek is en alleen bly, word weens haar geloof vervolg. Bid dat God vir haar genesing en vertroosting sal bring, en dat sy in aanraking sal kom met ander gelowiges in die gebied, wat haar kan bemoedig.

## 7 Sentraal-Asië

Evgeny*, ŉ evangelis wat deur Geopende Deure ondersteun word, reis vir weke aaneen van dorp tot dorp om die Evangelie met ongelowiges te deel. Bid vir beskerming, krag en wysheid vir Evgeny, en dat baie mense Jesus deur sy getuienis sal leer ken.

## 8 Noord-Afrika

Prys die Here vir verskeie geslaagde aanlyn-opleidingsgeleenthede wat vir gelowiges in verskeie Noord-Afrikalande aangebied is. Bid dat nuwe gelowiges wat hierdie opleiding bywoon, bemoedig sal word.

## 9 Broenei

Altesaam 3 000 nuwe gevalle van gemoedsversteurings is in Broenei aangeteken sedert die pandemie dié land getref het. Bid vir die mense van Broenei se gesondheid.

## 10 Maledive

Die Ministerie van Geslag, Familie en Sosiale Dienste het sy verbintenis tot die bemagtiging van meisies en vroue en die bekamping van geslagsgebaseerde geweld opnuut bevestig. Bid vir inisiatiewe wat werklik aan hierdie nasie se meisies en vroue sal wys dat hulle waarde het.

## 11 Sri Lanka

ŉ Pastoor deel: "Een van die maniere waarop Satan ons bediening in hierdie gebied probeer verhinder, is deur pastore se families aan te val. Talle pastore se vroue en familielede word siek." Bid vir God se genesing en beskerming oor pastore se families.



## 12 Irak

Dit word al moeiliker vir mense om te oorleef en gemoedsrus te kry. Indien daar ŉ manier is, sal hulle dit ongetwyfeld aangryp. Bid vir goeie vooruitsigte vir Irakse Christene en veral die jeug, sodat hulle in die land sal bly.

## 13 Nigerië

Victor (20) en ŉ vriend is in November verlede jaar deur Fulani-veewagters aangeval. Victor het verskeie skietwonde aan sy regterbeen opgedoen. Sy been het infeksie gekry en moes geamputeer word. Bid dat die Here vir Victor sal voorsien, aangesien hy bekommerd is oor hoe hy as die enigste broodwinner vir sy familie sal kan voorsien, noudat hy gestremd is.

## 14 Kenia

Peninah is ŉ jong weduwee sedert haar man, Paul, in 2018 deur Al-Shabaab doodgemaak is. Met die uitbreking van Covid-19 het Geopende Deure haar gehelp met broodnodige noodsaaklikhede en ŉ naaimasjien. Bid dat God haar onderneming sal laat groei terwyl sy haar modeontwerp-vaardighede aanwend om haar familie te ondersteun.

## 15 Ethiopië
Khalid* het mieliegewasse geplant wat gehelp het om sy familie te voed en te ondersteun. Sy gewasse is egter in 2020 deur sprinkaanswerms in Ethiopië vernietig. Sedertdien kon ons hom weens die geweld in die gebied nie met ondersteuning bereik nie. Bid dat die Here vir sy familie sal voorsien in hierdie moeilike tyd.

## 16 Demokratiese Republiek van die Kongo
Die Geallieerde Demokratiese Magte het ŉ sterk Islamitiese uitbreidingsagenda. Die groep is berug vir moorde met wrede wapens, wat dorpe laat leegloop soos wat mense na veiliger gebiede vlug. Bid vir wysheid vir pastore wat aan hul kuddes bedien in hierdie onseker en gevaarlike omstandighede.

## 17 Colombië
Verskeie Geopende Deure-spanlede is in 2020 weg, terwyl ander nou nuwe rolle vervul. Bid vir goeie werkspanne in elke afdeling, veral in Navorsing en Kommunikasie. Bid terselfdertyd vir nuwe mense met die nodige vaardighede vir ons werk in Colombië.

## 18 Noord-Korea
Bid dat geheime gelowiges in Noord-Korea

(Noord-Korea vervolg)

te midde van voortslepende vervolging en swaarkry met die waarheid, vrede, geloof en die Heilige Gees se teenwoordigheid versterk sal word.

## 19 Arabiese Skiereiland
Ons vennote in hierdie streek benodig ŉ nuwe vlaag van bemoediging. Een kollega deel: "Ek is aangeraak deur ŉ vennoot wat in trane uitgebars het, terwyl sy vertel het hoe moeg sy daarvoor is om haarself gedurig tot aksie te motiveer." Bid dat God ons familie in Christus in hierdie streek sal versterk.

## 20 Palestynse Gebiede
Leiers, kerkleiers, jeugleiers en leiers van vrouegroepe benodig almal hope wysheid, kreatiwiteit en uithouvermoë om maniere te vind vir hul lede om te ontmoet. Bid vir energie, gesondheid en krag om mekaar te midde van die pandemie te dien.

## 21 Suid-Filippyne
Die streek van Bangsamoro het twee jaar gelede outonomie gekry, maar die implementering daarvan is weens Covid-19 uitgestel. Dit gee genadiglik aan kerke meer tyd om vrylik rond te beweeg. Bid dat die Here se wil in hierdie seisoen sal seëvier en dat Christene sterk in hul geloof sal staan.



Bid vir geheime gelowiges in Noord-Korea te midde van voortslepende vervolging en swaarkry.



## 22 Kameroen

Die verre noorde van Kameroen is as ŉ "rooi sone" gemerk weens die geweld deur Boko Haram. Dorpe in die streek is die afgelope agt jaar gedurig aangeval, met geen einde in sig nie. Bid vir beskerming vir gelowiges en dat hulle nie hul geloof sal prysgee nie.

## 23 Libanon

Die ontploffing wat amper ŉ jaar gelede in die hawe van Beiroet plaasgevind het, is nog vars in almal se geheue. Die bevolking het al voorheen bomontploffings, oorloë en onrus deurgemaak, maar dit lyk asof hierdie ontploffing die breekpunt vir baie mense was. Bid vir ŉ blywende oplossing vir die politieke en ekonomiese situasie in die land.

## 24 Sirië

Talle weduwees soos Rasha Ashji en Jina Baydun word afgeskeep deur hulle gemeenskappe sedert hul mans vermis geraak of in die voortslepende oorlog doodgemaak is. Hulle ly aan depressie. Bid vir Rasha, Jina en talle ander vroue wat probleme ervaar en die enigste broodwinners in hul families is.

## 25 Iran

Huwelike is onder toenemende druk weens die verslegtende ekonomie, addisionele

(Iran vervolg)

uitdagings weens Covid-19 en talle ander vorme van druk. Gelowiges is nie immuun hierteen nie. Bid dat hulpbronne om huwelike te versterk diegene wat dit die nodigste het, sal bereik.

## 26 Turkye

Christen-vlugtelinge wat in Turkye woon, word nie toegelaat om vrylik te reis nie. Hulle kan ook nie na hul tuislande terugkeer of na Westerse lande gaan nie. Hulle voel soos gevangenes en sukkel om te oorleef. Bid vir plaaslike inisiatiewe om soveel vlugtelinge as moontlik te help.

## 27 Libië

Emmanuel* deel Jesus se verhaal met sy medeburgers, maar sy familie is bang dat dit hom in die moeilikheid sal bring. Bid vir sy beskerming terwyl hy die Evangelie met ander deel en dat baie harte ontvanklik sal wees vir sy getuienis.

## 28 Marokko

Amal* (18) is die enigste gelowige in haar klein dorpie. Sy het baie vrae oor hoe die toekoms vir haar as die enigste Christen in haar dorp sal wees. Bid dat God aan haar die pad vorentoe sal wys en dat Hy haar in kontak met ander gelowiges sal bring.

## 29 Tunisië

Naima* is ŉ enkellopende vrou wat graag ŉ goeie man wil vind. Bid vir die regte lewensmaat vir haar, en dat sy naby aan die Here sal bly en kragtig deur Hom gebruik sal word terwyl sy enkellopend is.

## 30 Bhoetan

Haatspraak en vals aantygings teen Christene neem toe op sosiale media. Dit bevorder haat teenoor Christene in dié land. Bid dat gelowiges diep gewortel sal wees in Jesus, sodat hulle te midde van toenemende haat versterk sal word en gelowig sal bly.




## Julie 2021

### 1 Eritrea
Shiden* (in sy 30's) het meer as 'n dekade in die tronk deurgebring weens sy geloof. Dit gaan nou beter met hom as 'n paar jaar gelede, toe hy na sy vrylating depressie ervaar het. Hou aan om vir Shiden se volkome genesing van spanning en depressie te bid.

### 2 Uganda
Toe Dembe* (37) verlede jaar 'n Christen geword het, was die sjeik van sy moskee so kwaad dat hy mans gekry het om hom aan te val en al sy bokke te slag. Die mans het hom daarvan beskuldig dat hy die sjeik se bokke gesteel het en hy is van diefstal aangekla. Bid dat God by Dembe, sy vrou en sy kinders sal wees terwyl hy wag om verhoor te word.

### 3 Kenia
Erina* (42) is verlam en blind. Sy oorweeg dit om na Islam terug te keer sodat sy hulp van haar familie kan ontvang. Tans annekseer haar broer haar ongeskiktheidstoelaag, wat haar sonder 'n inkomste los. Bid vir wysheid in hierdie situasie vir Erina en dat God in haar behoeftes sal voorsien.

### 4 Noord-Korea
Danksy ons vennote se ondersteuning, bied Geopende Deure geestelike en fisiese hulp aan gelowiges in Noord-Korea deur ons netwerke in China. Bid dat dié projekte sal aanhou om God se hande en voete vir hulle te wees, veral tydens die pandemie.

### 5 Bangladesj
Bangladesj het in Maart 50 jaar van onafhanklikheid gevier. Bid dat God die owerhede sal lei om vrede in die land te bewerkstellig en om menseregte te verseker sodat elke persoon sy of haar geloof vrylik kan beoefen.

### 6 Indonesië
Sommige Gelowiges vanuit 'n Hindoe-agtergrond hou hul geloof geheim uit vrees vir verwerping deur hul families en kultuur. Bid dat Jesus hul enigste fondasie in die lewe sal wees, en dat hulle 'n nuwe familie en gemeenskap in die Kerk sal vind.

### 7 Maleisië
'n Kerk in 'n klein dorpie sukkel om op sy eie reg te kom. Geopende Deure se plaaslike vennote het 'n potensiële vennootskap met

(Maleisië vervolg)

ŉ nabygeleë sterker kerk aangegaan om hulle te help. Bid vir ons plaaslike vennote terwyl hulle uitwerk wat die beste maniere is om hierdie klein kerkie te help.

## 8 Sri Lanka

Die Christen-minderheid in ŉ dorp in die noorde het nie toegang tot skoon drinkwater gehad nie, aangesien hulle nie toegelaat word in die Boeddhistiese tempel waar die dorp se watervoorraad gehou word nie. Bid dat die Christene se nuwe put hulle in staat sal stel om getuies vir die res van die dorp te wees.

## 9 Broenei

In Maart het die mense van Broenei Israk en Mikraj gevier. Moslems glo dat Allah Mohammed tydens ŉ nagtelike reis vanaf Mekka na Jerusalem geneem het, en dan na die hemel. Bid dat die Broeneise mense ware vrede sal vind, wat slegs van die Here afkomstig is.

## 10 Maledive

Die bekende gelowiges wat in die Maledive bly, is werkers vanaf Indië en Sri Lanka. Bid dat hulle sal aanhou om Christus te dien en in hul geloof versterk sal word. Bid dat mense Christus deur hulle sal sien.

## 11 Suid-Filippyne

Die stad Cotabato het gedeeltelike outonomie van die sentrale regering gekry, wat magtiging insluit om howe met Islamitiese wetgewing te vestig en te administreer. Bid vir krag en wysheid vir Christene in hierdie gebied, aangesien hulle aan aangepaste Sharia-wetgewing onderwerp gaan word.

## 12 Kirgistan

Ayna* se Moslem-man, Rasul*, het haar begin slaan nadat hy sy Moslem-geloof meer ernstig begin opneem het. Om sake



(Kirgistan vervolg)

te vererger, word sy ook geteister deur haar skoonma wat by hulle bly. Rasul is boonop in ŉ verhouding met ŉ ander vrou. Bid vir krag en beskerming oor Ayna en haar kinders.

## 13 Indië

Nagesh* en Parimal* se rysveld is heeltemal afgebrand deur Hindoe-ekstremiste weens hul Christelike geloof. Hulle het ŉ groot verlies ervaar omdat dit hul enigste bron van inkomste was. Bid dat die Here vir hulle en hul families sal voorsien.

## 14 Viëtnam

Danksy jou gebede en ondersteuning, het Geopende Deure se plaaslike vennote in 2020 altesaam 1 208 Christen-families in Vietnam bereik met noodleniging. Prys God vir Sy voorsiening. Bid dat God ons vennote, wat dié inisiatiewe ondanks risiko's uitvoer, sal beskerm.

## 15 Laos

Die bevolking van Laos word hoofsaaklik in drie etniese groepe geklassifiseer, volgens waar hulle bly. Enigeen in hierdie groeperings wat Jesus aanneem, kan deur die regering vervolg word. Bid vir gelowiges en bekeerlinge in hierdie stamme om voorbereid te wees op vervolging. Mag hulle sterk staan in hul geloof.

## 16 Ethiopië

Toe Manayesh, ŉ moeder van vier, haar tradisionele Ortodokse geloof verlaat het, het die dorpenaars haar os gekonfiskeer en haar huis geplunder. Geopende Deure-vennote het haar geld gegee om in twee osse en ŉ klompie skape te belê. Bid dat die klein skaapplasie wat hieruit ontstaan het, sal aanhou om te groei en vir haar familie sal voorsien.

## 17 Sentraal-Asië

Diliana* het ŉ jaar gelede tot geloof gekom nadat sy die Evangelie gehoor het deur ŉ evangelis wat deur Geopende Deure ondersteun word. Ons is bekommerd oor haar omdat haar man nou by die huis bly om haar dop te hou en haar slaan. Bid dat die Here haar sal beskerm en dat haar man tot geloof in Christus sal kom.

## 18 Indië

Die Korwa-gemeenskap het openbare vergaderings gehou om bekeerde Christen-families te verdryf en sosiaal te boikot. Enigeen wat met hulle assosieer, word swaar gestraf. Bid dat die Here in hierdie families se behoeftes sal voorsien.

## 19 Mianmar

Baie Christene word gelok deur die gratis onderwys wat deur Boeddhistiese monnike verskaf word. Om dit teë te werk, ondersteun Geopende Deure Christen-kinders se opvoeding en word hulle deur plaaslike vennote gementor. Bid dat hierdie

(Mianmar vervolg)

inisiatief baie Christen-families sal help.

## 20 Sentraal-Asië

Chalpona* is die enigste Christen-gelowige in haar familie. Haar volwasse seuns werk vir die nasionale regering en het haar aangesê om afstand te doen van haar geloof. Bid dat haar seuns haar geloof sal aanvaar en nie bekommerd sal wees oor hul posisies in die regering nie.

## 21 Sentraal-Afrikaanse Republiek

Daar is ŉ voortdurende aanslag deur ŉ nuutgevormde rebelle-alliansie, Coalition Patriotique pour le Changement, wat tot hernude swaarkry vir burgerlikes lei. Bid vir kalmte in die land, en dat Christene sterk sal wees en bemoedig sal word in hierdie moeilike tyd.

## 22 Sirië

Die jonger generasie het die land weens die oorlog verlaat, wat hul ouers en grootouers sonder versorgers gelaat het. ŉ Liefdadigheidskombuis in Marmarita, Homs, versprei drie keer per week maaltye aan 100 bejaardes. Bid dat hierdie diens geseën sal word, en dat dit vir die bejaardes vertroosting en vreugde sal bring.

## 23 Bhoetan

Egskeidings ontwrig die samelewing in Bhoetan. Bid dat Christen-paartjies en families in Bhoetan Godgesentreerd sal wees, en ander in hul families se behoeftes voor hul eie sal stel.



## 24 Mianmar

Htun Htun*, ŉ gelowige vanuit ŉ Boeddhistiese agtergrond, moes sy dorp verlaat omdat hy druk en dreigemente weens sy geloof ervaar het. Hy en sy familie het egter dieselfde probleem ondervind in hul nuwe vesting. Bid vir God se beskerming oor Htun Htun en sy familie, en vir krag om sterk te staan.

## 25 China

In Desember 2019 is pastoor Wang Yi tot nege jaar tronkstraf gevonnis. Sy "misdaad" was dat sy relatiewe groot, uitgesproke huiskerk geweier het om by die Drie-Self Staatsgesanksioneerde Kerk te registreer. Bid dat pastoor Wang Yi selfs in die tronk bewus sal wees van God se liefde en teenwoordigheid, en dat God hom sal gebruik om as ŉ lig in ŉ donker plek te skyn.

## 26 Kameroen

Habiba (20) is vroeër vanjaar gewelddadig aangerand deur haar Moslem-pa omdat sy daarop aangedring het om kerk toe te gaan. Bid vir krag vir Habiba terwyl sy teenkanting weens haar geloof ervaar en vir wysheid vir haar pastoor oor hoe om haar ouers en hul dreigemente te hanteer.

## 27 Irak

Indien ŉ mens na Irak se geskiedenis kyk, sal jy sien dat die mense van dié land sedert 1958 deur talle oorloë, ontwrigtings, rewolusies en rampe geteister is. Bid dat

(Irak vervolg)

die Irakse mense vrede sal vind en ŉ land kan opbou waar kinders, tieners en jongmense kan leef en floreer.

## 28 Libië

Ihab*, ŉ Christen, bly by haar familie. Sy het hulle uit vrees vir die nagevolge nog nie vertel dat sy in Jesus glo nie. Bid vir beskerming vir haar en vir ŉ omgewing waarin sy in haar geloof kan groei.

## 29 Colombië

Voormalige vegters wat Christene geword het, ervaar sterk druk van die onwettige groepe wat hulle verlaat het. Bid vir hul beskerming teen hierdie groepe, en dat hulle in hul geloof sal groei en wysheid sal hê om na diegene in hierdie onwettige groepe uit te reik.

## 30 Arabiese Skiereiland

Die Kerk groei in die Arabiese Skiereiland, maar misverstande lei tot verdeeldheid wat die Kerk elke dag bedreig. Bid dat God aan gelowiges ŉ houding sal gee om vredemakers te wees, soos in Matteus 5:9 beskryf word.

## 31 Libanon

ŉ Christen sê: "Ons glo dat Jesus die situasie in hierdie land kan verander. Alle pogings om vir die mense van Libanon lewe te bring, het misluk. Die situasie versleg al meer, maar ons weet dat Jesus by ons is!" Bid dat die Kerk sal aanhou om in hierdie moeilike tyd ŉ ligdraer te wees.

*Verteenwoordigende foto's is gebruik en name is weens sekuriteitsredes verander. Alle inligting was korrek teen druktyd.

Vervolg Maar nooit alleen.

Geopende Deure
Diens aan vervolgde **Christene** wêreldwyd

Open Doors South Africa
www.opendoors.org.za

Posbus 1771, Cresta, 2118
T +27 11 888 9341
E southafrica@od.org
064 867 4730